

HOOFSTUK VYF

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1. LENGTE VAN SKOOLJAAR

In Suid-Afrika is die lengte van die skooljaar tradisioneel 40 weke of 200 skooldae. In die praktyk is 200 skooldae die maksimum per jaar. Vergelyk ons dit met ander lande blyk dit dat die gemiddelde lengte van die skooljaar van 18 lande (Bylaag I) ongeveer 203 dae is. Italië het die minste skooldae per jaar, nl. 154, terwyl 'n aantal lande meer as tweehonderd skooldae per jaar het.

Uit die versamelde getuienis, afkomstig uit verskillende provinsies en van verskillende instansies, is daar nooit beswaar teen die lengte van die skooljaar aangeteken nie. Hieruit kan dus afgelei word dat die 40-week skooljaar met vyf dae per week skool, algemeen deur die bevolking van Suid-Afrika aanvaar word.

Die gedagte van minder skoolweke met 6 dae per week skool is nog nooit uitgetoets nie. 'n Aanbeveling van 33-34 skoolweke per jaar met 6 skooldae per week, sal dieselfde skooldae per jaar gee met 'n addisionele twee tot drie weke per jaar vakansie. In talle oorsese-lande is 'n sesdaagse skoolweek iets doodgewoons. By ons is die vyfdaagse skoolweek reeds tradisioneel en enige afwyking daarvan, sal ernstige, hoewel nie altyd gegronde, teenkanting ondervind. Die argument dat dit alreeds in Transvaal uitgetoets is, is slegs waar in soverre as wat dit by geleenthede toegelaat is om op 'n Saterdag skool te hou teen einde 'n ander skooldag vry te kry. Die beweegredes vir hierdie stap was egter heeltemal verskillend en die antagonisme kan nie van toepassing gemaak word op 'n skooljaar wat Saterdag as skooldae insluit nie.

Aangesien dit al 'n vaste tradisie in Transvaal geword het, sal enige voorstel vir 'n sesdaagse skoolweek onmiddellik deur almal wat belang by die onderwys het, verwerp word. Die Komitee van ondersoek na die verspreiding van vakansietydperke in die Unie stel ook in sy verslag skemas voor waar daar op Saterdag skool gehou moet word. (Skemas III en IV in Bylaag 2). Sover vasgestel kon word,

het die moontlikheid om op Saterdag skool te hou, by die betrokke instansies min oorweging geniet. Die tradisionele veertig-weekse skooljaar met 'n vyfdaagse skoolweek moet dus onveranderd bly.

2. DIE SKOOLJAAR EN DIE KALENDERJAAR

In Suid-Afrika val die skooljaar tradisioneel saam met die kalenderjaar. 'n Afwyking hiervan, deur byvoorbeeld die skooljaar saam met die sentrale regering se finansiële jaar te laat val, is nie aan te beveel nie om die volgende redes:

- i. Dit sou meebring dat alle leerlinge of 'n halfjaar sal moet wen of verloor.
- ii. So 'n verandering sal op alle primêre, sekondêre- en tersiêre onderwysinrigtings van toepassing gemaak moet word. Hiervoor sal die medewerking en toestemming van alle provinsiale Onderwysdepartemente, die Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap asook alle Universiteite nodig wees.
- iii. Dit sal ook meebring dat die skooljaar in die helfte van die jaar en dus gedurende die winter moet afsluit. Hierna behoort 'n lang vakansie te volg wat sal beteken dat daar gedurende die warm somermaande skool gehou sal moet word.

Om bogenoemde redes, en veral omdat daar geen voordeel verbonde is aan so 'n verandering nie, steek daar gevolglik geen sin in om die skooljaar in die helfte van die kalenderjaar te laat eindig nie. Dit moet dus soos voorheen, saamval met die kalenderjaar.

3. DIE INDELING VAN DIE SKOOLJAAR

Orals in die wêreld word die skooljaar in termyne ingedeel. In enkele gevalle is daar 'n een- en vyf-termynstelsel in gebruik, terwyl die meeste lande gebruik maak van 'n twee-, drie- of vier-termynstelsel. In Suid-Afrika is daar slegs laasgenoemde drie stelsels wat ooit ter sprake kom.

a. DIE AANTAL TERMYNE

i. Drie-termynstelsel

Hierdie stelsel word deur die onderwysowerhede van baie lande as geskik beskou. Ook in ons land is daar

sekere instansies wat die stelsel as wenslik en geskik beskou omdat daar 'n besparing van opvoedkundige tyd is en drie min of meer ewe lang vakansies ten gevolg kan hê. Dit sal gevolglik meebring dat die eerste lang vakansie in maande wat geskik is vir studiedoeleindes val, terwyl die koue wintermaande in die kwartaal sal wees en die tweede lang vakansie gedurende Augustus of Septembermaand. Klimatologiese faktore bepaal dus hoofsaaklik die onwenslikheid van hierdie stelsel vir Transvaal.

ii. Twee-termynstelsel

'n Groot aantal ander lande in albei halfronde maak van hierdie stelsel gebruik. Na bewering is dit ook reeds voorheen in Transvaal sonder die verlangde sukses toegepas. So 'n stelsel hou die moontlikhede in van slegs twee lang vakansies; twee lang vakansies met twee kort rustye gedurende die semesters; of selfs vakansietye wat naastenby ooreenstem met die ou tradisionele kalender in Transvaal. Dit sal ook 'n besparing van opvoedkundige tyd en administratiewe werk ten gevolg hê. Vakansietye kan gereël word tydens tydperke wat geskik vir die doel is.

Prinsipiëel is daar in werklikheid min besware teen 'n twee-termynstelsel in te bring. Die meeste onderwysers en ouergemeenskappe in Transvaal is op hierdie stadium nog nie te vinde vir so 'n verandering nie en gevolglik kan ons dit ook vir die nabye toekoms, maar buite rekening laat.

iii. Kwartaalstelsel

Min ander lande pas hierdie stelsel toe. In Transvaal is dit reeds sedert die sewentiger jare van die vorige eeu in gebruik. Alhoewel dit nie in die begin eenvormig was nie, is daar tog deurgaans 'n kwartaalstelsel gevolg. Oor 'n lang tydperk is verskillende faktore in aanmerking geneem met die opstel van die vier-kwartaalkalender en gaandeweg het die stelsel tradisioneel in Transvaal geword.

Sommige instansies voer aan dat die stelsel baie onnodige administratiewe werk veroorsaak maar die onderwysowerhede kan dit maklik verhelp indien die beswaar ook deur hulle as geregverdig beskou word.

Skoolhoofde en onderwysinrigtings as sodanig, sal maar almal moet beseef dat die vier skoolvakansies wat in 'n kwartaaljaar val, nie die werk behoort te benadeel veral ten opsigte van 'n merkbare verslapping van die werk wat moontlik gedurende die laaste week van elke kwartaal mag intree nie.

Aangesien die meeste onderwysers en belanghebbende ouers van skoolgaande kinders voorstanders van die tradisionele kwartaalstelsel is, word dit as wenslik en gerade geag om dit in Transvaalse skole te behou. Die tradisionele kwartaalstelsel leen homself ook tot baie meer moontlikhede ten opsigte van die verskuiwing en verlenging van skoolvakansies.

b. GEDIFFERENSIEERDE KALENDERS

i. Provinsies

Gedifferensieerde kalenders in ander lande byvoorbeeld in die V.S.A., is niks buitengewoons nie. Skoolkalenders verskil van staat tot staat en soms van dorp tot dorp.

Die Komitee van Onderzoek na die wenslikheid van verspreiding van vakansietydperke in die Republiek, het verklaar dat dit wel moontlik is om 'n doelmatige verspreiding van vakansies te bewerkstellig mits daar 'n goeie wil tot samewerking en die bereidwilligheid bestaan om geringe offerings te maak. Verligting van spitsbesettingstye vir die Spoorweë en die hotelwese is moontlik as daar 'n tydskedding tussen die spitstye van die somer- en wintervakansies van die verskillende provinsies bewerkstellig kan word. Met ons fenominale industriële- en mynbou-ontwikkelingsprogram het die struktuur van die samelewing meer ingewikkeld geraak en het die eise wat aan verskillende dienste gestel word, ook dien ooreenkomstig toegeneem. Die verspreiding van skoolvakansies is dus wenslik en ook uitvoerbaar. Nie alleen bevorder dit toerisme nie, maar dit bevoordeel ook die provinsies wat besoek word, se finansies.

Hierdie gedifferensieerde kalenders hoef nie noodwendig provinsialisme of provinsiale insulariteit in die hand te werk nie. Voorts behoort families ook nie skade te ly weens gebrek aan maatskaplike saamhorigheid nie omdat daar altyd 'n oorvleueling sal wees en die vervreemding van

families dus sal uitskakel.

Met die oog op die hou van sekere kompetisies soos bv. die Nuffieldkompetisie is dit ook wenslik dat daar iewers 'n oorvleueling van vakansies sal wees.

Daar was reeds in die verlede 'n verskil in die skoolvakansies van die provinsies en gedifferensieerde kalenders is dus niks nuuts en buitengewoons nie. Dit is in belang van die land sonder benadeling van die opvoedingsproses dat die kalenders van die verskillende provinsies dus verskillend moet wees.

ii. Transvaal

Uit die ondersoek blyk dat daar in die verlede sedert die twintigerjare verskeie kere deur die Onderwysdepartement toegewings gemaak en gepoog is om met behulp van Skoolrade en gedifferensieerde skoolkalenders doeltreffend toe te pas.

Nie alleen lê so 'n toewinging die Departement sekere bykomstige administratiewe pligte ten laste en lewer dit in die praktyk heelwat probleme op nie, maar die vraelys van die T.O. toon ook aan dat 'n groot deel van die onderwysers werkzaam in warmer streke, nie vir 'n gedifferensieerde kalender te vinde is nie.

In die geheel geneem, moet daar as gevolg van die ongewildheid van so 'n stelsel by onderwysers en die probleme wat dit oplewer, afgesien word van 'n gedifferensieerde skoolkalender. Die oplossing moet in die eenvormige verspreiding van vakansietydperke vir Transvaal gevind word, veral ten opsigte van die somer- en wintervakansies wat voordele aan beide lae- en hoëveldstreke sal bied, maar wat ook van elke strek tegemoetkomings en opofferings sal verg.

c. VAKANSIETYDPERKE

Die keuse van 'n kwartaalstelsel vir Transvaal bring ook vier vakansietydperke mee. Hierdie organisatoriese probleem wat so baie fasette van 'n ingewikkelde sosiale struktuur raak, sal nooit sodanig opgelos kan word om alle belanghebbende instansies tevrede te stel nie. Dit lyk soms asof die tradisie so ingewortel is dat mense enige nuwe idee summier verwerp en verdoem en dan agterna redes soek waarom hulle dit verwerp.

Vervolgens word die indeling van die skooljaar bespreek en sekere sienswyses gehuldig.

i. Desember- of somervakansie

In lande geleë in die Suidelike halfrond is die somervakansie aan die einde van die jaar gewoonlik taamlik lank. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die twee- en drie-termynstelsels wat gevolg word.

In die Noordelike halfrond waar ook meestal 'n soortgelyke indeling soos in die Suidelike halfrond is, is die somervakansie gedurende die helfte van die kalenderjaar ook lank terwyl die Kersvakansie slegs 'n week of twee duur.

Met ons vier vakansies in 'n kalenderjaar, word 'n periode van ongeveer vyf tot ses weke as voldoende vir die somervakansie beskou. Hierdie vakansie moet dus reeds al in Desember 'n aanvang neem. Die sluiting van die skool laat in Desember het baie kritiek en weerstand uitgelok. Die meeste van die aangevoerde redes teen so 'n laat sluiting besit nie veel oortuigingswaarde nie.

Indien die skole na 16 Desember sluit, vind daar in 'n mate 'n onderbreking in die rustige verloop en kontinuïteit van die werk plaas. Die feesstemming en vakansiedag in 'n basige week mag moontlik nie in alle opsigte bevorderlik vir die sukses van die kandidate vir die verskeie eindeksamens van die middelbareskool; die skoolbezoek en algemene gesindheid ten opsigte van skoolwerk in sommige skole wees nie. Die skooljaar moet so na moontlik net voor Geloftedag afsluit. Skole wat hulle eie skoolfeeste in verband met Geloftedag wil reël, kan dit dus 'n dag of wat voor die datum hou met net soveel sukses. Geloftedag moet dus in die skoolvakansie val.

Na ongeveer vyf tot ses weke moet die skole heropen d.w.s. ongeveer teen die end van die derde week in Januarie. Argumente teen so 'n vroeë begin in Januarie soos klimaat in die laeveld; vakansie vir sekere groepe soos winkelklerke, werknemers by industriële ondernemings en vakansie-akkommodasie vir 'n volle maand ens. is alles waar. Ter ondersteuning van 'n vroeër begin in Januarie word o.a. die volgende aangevoer:

(a) Vakansie-akkommodasie behoort op 'n weeklikse basis beskikbaar gestel te word. Ook verkies 'n baie klein persentasie van die bevolking om 'n volle maand by vakansie-orde te vertoef.

(b) In die laeveldstreke is daar min verskille tussen die klimaat in Desember, Januarie en selfs Februarie. (Tabel 12). Hitte sal verduur moet word ongeag van die begindatum in Januarie. Reënval kan die klimaat gedurende dié tydperke van jaar tot jaar laat verskil. Ook kan leerlinge die hitte aan die begin van 'n skooljaar beter verduur as teen die einde van die jaar wanneer die vermoeyenis-faktor reeds ~~inge~~tree het en die kinders se weerstand dus ook laer sal wees. Klimatologiese faktore word besef maar moet tog in perspektief gesien word.

(c) Nadat die feesstemming gedurende die Kersgety en Nuwejaar verby is, is kinders gewoonlik gretig om weer skool toe te gaan. Die nuwe ondervinding vir beginners, nuwe standerds en in baie gevalle ook nuwe skole, is 'n sterk aantrekkingskrag. Die atmosfeer is dus wat die jeug betref, ryp en geskik vir skoolgaan.

(d) Werknemers by die boubedryf, industrie~~er~~ ens. wat onder die Nywerheidswet ressorteer, kan deur bemiddeling van die regte kanale reëlings laat tref om hulle vakansies in Desember tot Januarie te laat aanpas by die skoolvakansies.

Met inagneming van al die verskillende oorwegingsten gunste en teen 'n vroeë begin in Januarie soos in die ondersoek volledig bespreek is, is die mening dat die skole kan heropen teen die end van die derde week of begin van die vierde week in Januarie na 'n vakansietydperk van vyf tot ses weke.

ii. Aprilvakansie

In oorsese-lande wissel die Paasvakansie van slegs 'n naweek tot twee weke. In Duitsland duur dit ongeveer twee weke, in Denemarke en sekere state van die V.S.A., slegs 'n week en in Spanje slegs 'n naweek.

Oor 'n groot aantal jare het die vakansie in Transvaal ongeveer tien dae geduur (Tabel 7). Vanaf 1961 is dit verleng tot ongeveer drie weke. Hierdie verandering het baie kritiek uitgelok soos byvoorbeeld die volgende:

(a) Dit is die beste tyd van die jaar vir studie, en op-

voedkundig beskou is so 'n lang vakansie reeds al in April, nie geregverdig nie.

(b) Die werk is ook skaars aan die gang en daar bestaan geen behoefte aan so 'n lang onderbreking op daardie tyd-stip van die skooljaar nie.

Ter ondersteuning en verdediging van die verandering kan die volgende aangevoer word:

(a) Indien die skole vroeër in Januarie begin, sal die eerste kwartaal tot kort voor Van Riebeeckdag reeds taamlik lank wees. Met al die sportbyeenkomste en ander skool-aktiwiteite agter die rug, sal so 'n rusperiode welkom en ook welverdiend wees.

(b) Baie onderwysers in Transvaal verkies dat die Paasna-week nie in die vakansie moet val nie. Sodoende sal daar twee onderbrekings wees, nl. die Paasna-week en die vakansie. Met Van Riebeeckdag, Goeie Vrydag en Paasmaandag in die Aprilvakansie kan dié vakansie maklik ongeveer drie weke duur. Van dié tydperk sal daar maar ongeveer tien skool-dae binne die vakansie val wat maar ongeveer vyf of ses skool-dae meer is as wat voorheen die geval was.

(c) Hierteenoor bied die langer vakansie nou ook die geleentheid aan boere sowel as werknemers van industrieë, myngroepe ens. om 'n vakansie elders te gaan deurbring. Baie van hierdie mense het reeds voorheen hulle kinders uit die skool gehou toe die lengte van die Aprilvakansie slegs tien dae was. Die nuwe vakansiereëling is dus bevorderlik vir skoolbesoek en gevolglik ook vir die onderwys.

(d) Die aangename klimaat en die lengte van die Aprilvakansie bevorder toerisme. Die Krugerwildtuin, Die Openbare-Oord Loskopdam en die Mineraalbaddens in Transvaal word druk besoek (Tabelle 26 - 30). Opvoedkundig sowel as fisies is dit voordelig vir skoolgaande kinders. Verder baat die provinsie finansiëel by die besoeke aan plekke wat onder sy jurisdiksie ressorteer sodat dit ook weer indirek tot voordeel en in belang van die opvoeding van die jeug kan strek.

Baie van die onderwysers wat eers ten sterkste teen die langer vakansie in April gekant was, verklaar tans onomwonde dat die verandering tog meer voordele inhou as wat eers besef is. 'n Aprilvakansie van ongeveer

twee weke sal gaandeweg meer waardeer en beter gebruik word en dit kan dus in Transvaal gerus behoue bly.

iii. Julie- of wintervakansie

In lande in die Suidelike halfgrond geleë is die wintervakansie maar ongeveer twee weke, terwyl dit in die Noordelike halfgrond gedurende die Kersgety in baie lande slegs 'n paar dae duur.

In Transvaal het die gewoonte om Juliemaand as vakansie te beskou, reeds tradisioneel geword. Die korter Julievakansie wat sedert 1961 van toepassing in Transvaal is, word om die volgende redes deur belanghebbendes afgekeur:

- (a) Dit skakel die moontlikheid om akkommodasie by die kus in huise en woonstelle vir 'n volle maand te verkry, heeltemal uit.
- (b) Ouers bly nog met vakansie vir die res van Julie weg en die skoolbesoek is gevolglik gedurende die eerste week van die derde kwartaal swak.
- (c) Dit is te koud vir kinders op die hoëveld om gedurende Juliemaand skool te gaan.

Ter ondersteuning vir 'n Julievakansie van ongeveer drie weke kan die volgende aangevoer word:

- (a) Die betrokke instansies by vakansieoorde sal maar deurgaans die reeds bestaande gebruik moet beoefen om huise en woonstelle op 'n weeklikse basis te verhuur.
- (b) Met 'n langer Aprilvakansie, sal die behoefte om vir die hele Julievakansie weg te gaan, ook stadigaan vermindder. Die meeste mense verkies ook om slegs twee tot drie weke by vakansieoorde te vertoef.
- (c) In warmer streke in Transvaal is die korter Julievakansie weer baie welkom. Volgens statistiek blyk dit dat Julie nie kouer as Juniemaand is nie (Tabel 12). Soms is die laaste deel van Augustus selfs kouer as die laaste gedeelte van Julie. Klimatologiese faktore kan gerus in die redenerings teen 'n korter vakansie buite rekening gelaat word.

Met inagneming van al die argumente ten gunste en teen 'n vakansie van min of meer drie weke in Julie wat

in die ondersoek aangehaal is, kom ons tot die slotsom dat so 'n vakansietydperk wel aanbeveel kan word.

iv. Oktobervakansie

Hierdie tradisionele kort vakansie van ongeveer tien dae word waarskynlik deur al die provinsies in die Republiek as voldoende aanvaar. Daar bestaan dus geen rede waarom dit langer of korter as ongeveer sewe of tien dae hoef te wees nie.

Die meeste Transvaalse skole neem ook genoë met die insluiting van 10 Oktober in die laaste kwartaal (T.O. Navrae Bylaag 3). Hierdie volksfees wat van kulturele waarde vir die Afrikaner is, kan by voorkeur by die laaste kwartaal ingesluit word maar dit mag ook in die vakansie val indien dit die opstel van die kalender enigsins bemoeilik.

4. BESONDERE AANBEVELINGS

Uit die ondersoek blyk dit dat die verdeling van die skoolkalender beskou kan word as 'n organisatories-opvoedkundige probleem met baie fasette wat die hele sosiale struktuur op die een of ander wyse raak. Geen in-deling van die skooljaar kan ooit alle belanghebbende persone en instansies pas en tevrede stel nie. In die ondersoek is gevind dat die sienswyse van verskillende instansies en individue t.o.v. skoolvakansies, soms 'n skerp antitesis vorm.

Skole moet ook nie op 'n Maandag heropen nie. Hierdie gebruik om nie op 'n Maandag te open nie, bestaan reeds baie jare in Transvaal en dit is ook nie onverenigbaar met die skema wat aanbeveel word nie. Verder sal die eerste kwartaal die langste wees met die tweede en derde kwartale naastenby ewe lank en die laaste kwartaal dan die kortste.

'n Skoolkalender gebaseer op die volgende skema, word vir Transvaalse skole aanbeveel. Skole moet sover moontlik altyd op 'n Vrydag sluit en op 'n Dinsdag heropen.

SKEMA VIR VIERTERMYNJAAR VIR TRANSVAAL

EERSTE KWARTAAL: Vanaf end van die derde of begin vierde week in Januarie tot ongeveer die end van die eerste week in April. Dus minstens een skoolweek in Januarie. Ongeveer 55 skooldae.

VAKANSIE: Twee weke, tesame met die naweke en 'n ekstra Maandag wat die totaal op ongeveer 17 dae te staan laat kom. Dit sluit ook die Paasnaweek en indien moontlik, van Riebeeckdag in.

TWEEDE KWARTAAL: Vanaf begin vierde week in April tot ongeveer end Junie of end eerste week in Julie. Ongeveer 50 skooldae.

VAKANSIE: Drie weke, tesame met die naweke en 'n ekstra Maandag wat die totaal op ongeveer 24 dae te staan laat kom.

DERDE KWARTAAL: Vanaf begin vierde week of end Julie tot min of meer end September of eerste week in Oktober. Ongeveer 48 skooldae.

VAKANSIE: Een week. Ongeveer 10 dae.

VIERDE KWARTAAL: Vanaf begin tweede of derde week in Oktober tot ongeveer helfte Desember. Ongeveer 44 skooldae.

VAKANSIE: Vyf of ses weke.

Totale aantal skooldae, ongeveer 197.
